e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

14 November 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 38

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Oor gesnede beelde...

Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My **(Eksodus 20: 4-5)**

Mag is gesetel in die vermoë om mense, gebeure en omstandighede te beïnvloed en te kontroleer. Dit is deel van die struktuur van samelewings en kan ten goede of ten kwade aangewend word. Die manipulering van mag tot jou eie voordeel is die groot en konstante verleiding vir alle mense in strukturele posisies van mag. Hieroor is daar 'n legio aanhalings, waaronder die bekendste waarskynlik dié is van Lord Acton: *Power tends to corrupt, and absolute power corrupts absolutely* (*Letter to Bishop Mandell Creighton,* 1887).

Na berig word, het 'n prominente politikus van die ANC die dapper skoene aangetrek om die drieparty-alliansie van die ANC, Cosatu en die SAKP te bestempel as 'n *heilige drie-eenheid*. Dit sit 'n tendens voort wat vroeër gevestig is deur die president self, toe hy in 2008 gesê het die ANC sal regeer *tot Jesus kom*; in 2011 lede van die ANC bestempel het as ekwivalent aan die *heiliges*; en in 2013 die goedgesindheid van God vir die ANC opgeëis het met die stelling: *Whether we like it or not, God has made a connection between the government and the church...*

Die gebruik van die term *heilige drie-eenheid* deur politici om hul mag as onaantasbaar voor te stel, is 'n drogbeeld. Dit is, om die minste te sê, baie onwys van politici om dit te doen. Daar is altyd die gevaar dat so 'n strategie kan boemerang, veral waar korrupsie en die misbruik van mag 'n doemprofesie is wat die huidige regering reeds oor hulself afgeroep het.

Die kerk kan nie op al die manewales van politici reageer nie. Dit is nie waarvoor die kerk in die wêreld is nie. Ons is hier om die verhouding tussen God en die skepping te bevestig en die lig van die evangelie van hoop te laat skyn in 'n wêreld waar mense verwar word deur skynbeelde teen die mure van die grot, om Plato se analogie te gebruik. Die kerk het 'n profetiese stem, en die krag daarvan lê in sy spaarsame gebruik.

Wanneer ons oor sake soos hierdie nadink en leiding gee, moet onthou word dat dit 'n tendens verteenwoordig wat oor eeue gedokumenteer is: die najaag van absolute mag deur die verbintenis tussen politiek en godsdiens. Ja, ons is verontwaardig dat enigiemand dit durf waag om "ons" uitbeelding van God so te misbruik, en ons is geregverdig in ons verontwaardiging. Dit is swak smaak van politici om dit te doen. In ons reaksie moet ons die swak smaak en aanstootlikheid van sulke uitsprake uitwys.

Maar dit gaan nie hier in die eerste plek om die anneksasie van 'n begrip wat Christene beskou as kenmerkend van die essensie van hul geloof nie. Onderliggend hieraan lê 'n ernstiger saak, en hieroor moet die kerk sy profetiese stem laat hoor.

Die aanspraak op permanensie en goddelike sanksie vir tydelike magsposisies is 'n dubbele vergryp – enersyds teenoor die mense en andersyds teen God.

Lees verder op bladsy 2

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

Dit is 'n vergryp teen die mense omdat hulle mislei word om hul heil te soek in strukture wat na hul aard tydelik en verbygaande is. Dat politici hul onderdane verlei om saam te eet aan hierdie verbode vrug, is uiterste sinisme. Die ganse geskiedenis van die mensdom lê besaai met die bleek beendere van sulke vergrype. Onder daardie beendere is ook dié van die maghebbers, en van hulle sal groter verantwoording geëis word.

Net so is die aanspraak op goddelike sanksie gelyk aan die misbruik van mag en 'n vergryp teen God. In Handelinge 12: 21-23 kom die volgende vertelling voor: *Op die vasgestelde dag het Herodes sy ampsklere aangetrek, op sy troon gaan sit en hulle toegespreek. Die mense het toe geskreeu: "Dit is 'n god wat praat, nie 'n mens nie!" Op daardie selfde oomblik het 'n engel van die Here hom getref, omdat hy nie die eer aan God gegee het nie. Herodes is deur wurms verteer, en het gesterwe.*

Die huwelik tussen (politieke) mag en geloof is 'n bose konstruksie, 'n gesnede beeld waarvoor maghebbers daagliks verlei word om te kniel. Elke politikus en elke mens in 'n posisie van mag wat saam beitel aan hierdie beeld, stel hulle in die branding van die uitspraak van Eksodus 20: 5: *Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat.*

Dít is die profetiese stem van die kerk aan alle draers van mag: Julle is gekies en aangestel om diensbaar te wees aan die samelewing. Wees bewus van die konsekwensies van aansprake op goddelike sanksie vir onsuiwer redes. Dit is gevaarlik omdat dit 'n misbruik is van die Naam van God. Elkeen wat dit doen, behoort koue rillings te kry...

Dr Piet van Staden

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Ds André Strauss

Riek van Rensburg

- **Ds André Strauss**, tans beroepafwagtend en voorheen predikant in Gemeente Noordelike Pretoria, was saam met sy vrou, Lydia, in 'n motorfietsongeluk in Nieu-Seeland. Albei is tans in die hospitaal, waar 'n plaat in sy bekken ingesit is. Hy het ook erge beserings aan sy arm en hand opgedoen, en rekonstruksie moet nog gedoen word. Lydia is in intensiewe sorg in die ortopediese afdeling. Sy verduur baie pyn, maar onder omstandighede gaan dit goed met haar. André is tans betrokke by bediening in Greymouth, Nieu-Seeland.

- **Riek van Rensburg**, wat aan die einde van 2008 na 28 jaar as argivaris van die Kerk afgetree het, vier op Woensdag 20 November sy 70ste verjaardag. Hy woon tans in 'n versorgingsoord naby Hartbeespoortdam. Ons wens hom baie geluk met die groot dag, en bid hom gesondheid toe in die jare wat kom.

Ds David Barnard

- **Ds David Barnard** van Gemeente Magaliesmoot is deur die Kommissie van die AKV benoem as redakteur van *Die Hervormer.* Hy neem met die Januarie/Februarie 2014-uitgawe die leisels oor van dr André Ungerer, wat tydens die 70ste AKV in September verkies is as viseskriba van die Kommissie van die AKV. Ds Barnard kom 'n lang pad met *Die Hervormer.* Hy dien sedert Februarie 2002 in die Tydskrifredaksie, sedert Februarie 2005 as subredakteur van *Die Hervormer*, en sedert Januarie/Februarie 2008 as voorsitter van die redaksie. In laasgenoemde rol het hy ook sitting geneem in die Raad vir SENTIK. Die Kommissie van die AKV het ook besluit dat **dr Piet van Staden** van Stellenbosch/Worcester voortaan as subredakteur van *Die Hervormer* sal optree, en **ds Etienne Fourie** van Kempten as subredakteur gemoeid met die *e-Hervormer.*

- Die **Bybelgenootskap** van Namibië versoek gemeentes om hul bydraes aan die Bybelgenootskap teen die **einde van Desember** oor te betaal. Die deurkollektes van Hervormingsondag (28 Oktober) moet asseblief saam met bogenoemde teen einde Desember oorbetaal word. Die bydraemikpunt soos vasgestel deur die 70ste AKV is R36 per belydende lidmaat. Die **bankbesonderhede** is soos volg: Bybelgenootskap van Namibië, Bank Windhoek, takkode 482172, rekeningnommer 1131252201. Gemeentes moet hul **naam** (NH Windhoek) as verwysing gebruik wanneer oorbetalings gemaak word. Indien oorbetalings nie direk in die bankrekening van die Bybelgenootskap gedoen kan word nie, kan dit gepos word na Privaatsak 13294, Windhoek. Ds Barnie van der Walt kan by 061 235 090 of 081 127 1694 geskakel word indien daar enige navrae is, of stuur 'n e-pos na **gensec@nambible.org.na**.

- **Gemeente Heilbron**, wat op 23 September 1911 gestig is, se eerste kerkgebou is op 25 Oktober 1913 in gebruik geneem. Tans word die gebou as saal gebruik. Op 25 Oktober 2013 was die gebou 'n volle 100 jaar oud, en die kerkraad het besluit om op 3 November 2013 weer 'n erediens in die gebou te hou ter viering daarvan. Gedurende die diens is kinders gedoop, katkisante het openbare geloofsbelydenis afgelê, en die kategese is afgesluit. 'n Gedenksteen is ook onthul en daar is lekker saamgekuier.

Aksiegroep Gestremdheid

- **ADV SE JAAR VIR GESTREMDHEID**. **Respekteer en akkommodeer.** Volwasse verstandelik gestremde mense is net so geregtig op respek as wat sogenaamde normale volwassenes toekom. Daar is ook nie *reg* of *verkeerd* ten opsigte van die versorging van die persoon met verstandelike gestremdheid nie. Sommige ouers besluit op tuisversorging, en ander ouers besluit op 'n versorgingsentrum. Respekteer die besluit. Wat vir die spesifieke ouerpaar werk, is vir hulle reg. Alle besluite oor versorging moet egter geneem word in die heel beste belang van die persoon met die gestremdheid.

- **STUDIEBEURS: MAATSKAPLIKE WERKER.** Aansoeke word ingewag vir die **Robbie Schilz-beurs** ten bedrae van R40 000 per jaar, vir studie in maatskaplike werk vir die akademiese jare 2014 tot 2017. Die suksesvolle kandidaat moet gekeur wees deur die Universiteit van Pretoria vir maatskaplike studies, asook 'n belydende lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk wees. Die beurs is beskikbaar vir die eerste of 'n daaropvolgende studiejaar. Aansoekvorms is op aanvraag beskikbaar van **jnvh@otmt.org** of faks 012 323 2127 en moet ingedien word nie later nie as **15 November 2013**.

NHSV Dinamies vorentoe

- **NHSV: Beurse en lenings vir 2014.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R3 000 tot R8 000. Aansoekvorms kan afgelaai word by **www.nhsv.org.za**, onder NHSV kantoor, pro forma-dokumente. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2013**. **Geen laat aansoeke word aanvaar nie.**

- Op Saterdag 30 November vier **die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC)** hul **90ste bestaansjaar** in die Goddefroysaal in die Dirk van der Hoffgebou in Pretoria. Die verrigtinge duur van 09:00 tot 16:00. Kontak ds Modisaotsile Motloba by 012 322 8885 x262 of **mrcc@nhk.co.za** vir meer inligting.

- Gemeentes en ringe moet dringend reëlings met mev Susann van Zyl van SENTIK tref om hul besendings van die ***Almanak/Bybelse Dagboek*** te kom afhaal.

- Neem asseblief kennis dat die **Sinodale Kerkkantoor** in Pretoria op **Vrydag 22 November** gesluit sal wees, omdat die personeel hul Jaareindfunksie elders bywoon.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Pretoria-Oos**
  Inwyding van tweede stel loodglasvensters
  Sondag 24 November om 09:00
  Alle belangstellendes welkom
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 012 460 8441 / **ptaoos@nhk.co.za**

- **Gemeente Sionspoort: Feesnaweek**
  Vrydag 29 November tot Sondag 1 Desember
  Vrydag en Saterdag: Kersmark
  Die diakonie trakteer die gemeenskap se minderbevoorregte kinders
  (Meer inligting oor die mark op bladsy 9)
  Sondag: Kerssangdiens om 19:00
  Mathys Roets en die gemeentekoor tree op
  Skakel 082 464 1547 vir meer inligting

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met Doop Sondag
  Gedenkalbum teen R440 plus posgeld
  Kontak Dolla Coetzee by **dollacoetzee@telkomsa.net**
  of 073 170 5325 om te bestel
  Navrae aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

- **Gemeente Laer Suidkus: Vakansie-eredienste**
  Port Edward 08:00: Saal van Port Edward Primary School, Fifeweg
  Port Shepstone 09:30: Scottstraat 3
  Geloftedag 09:00: Gesamentlike erediens van susterskerke
  by NG gemeente Port Shepstone
  Kersfees: Port Shepstone 06:00 en Port Edward 08:00
  Predikant benodig te Port Edward op Kersdag, en vir dienste in Januarie
  Kontak ds Jacques Pieterse by 039 682 1059 / 082 458 4482 /
  jacquesjean@vodamail.co.za
  of die skriba, Frik Esterhuyzen, by 039 695 9340
  of Fanie Koekemoer by 083 456 8586

- **Hervormde Kersfeesdiens te Ballito: 25 Desember om 10:00**
  Kerkgebou van NG gemeente Noordkus (agter munisipale kantore)
  Alle lidmate – inwoners, kuiergaste en vakansiegangers – welkom
  Navrae aan ds Thomas Dreyer by 083 252 8242 / **tfd@mweb.co.za**

- **Gemeente Durban-Suid: Vakansie-eredienste**
  Desember: Sondae om 08:30
  Kerkgebou te Beaconweg 137 op die Bluff in Durban
  Kersfeesdiens op 25 Desember om 07:00
  Predikante van ons Kerk benodig om eredienste waar te neem
  op 5 en 12 Januarie om 08:30
  Kontak prof Biek Beukes by 072 036 4960
  of die skriba, Isabel Dirker, by 083 657 5182

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 22 November, en word hartlik geluk gewens.**

- Donderdag 14 November: Ds NJS (Nicolaas) Steenekamp (Middelburg)
- Vrydag 15 November: Di JG (Hannes) Janse van Rensburg (Zuurfontein), F du C (Francois) Labuschagne (emeritus) en PJO (Pieter) Pretorius (emeritus)
- Saterdag 16 November: Ds CH (Casper) du Plessis (Hennenman/ Odendaalsrus) en dr WC (Wian) Kloppers (SENTIK)
- Maandag 18 November: Ds CJ (Chris) Viljoen (CSO)
- Woensdag 20 November: Prof J (Johan) Buitendag (UP) en ds CJA (Cornie) Pieterse (emeritus)
- Donderdag 21 November: Prof HG (Hennie) van der Westhuizen (emeritus)
- Vrydag 22 November: Dr PB (Piet) Boshoff (Vereeniging) en ds LS (Lammert) van Rooyen (Leeudoringstad/ Makwassie)

Beplande vergaderings

- Vrydag 15 November: Finkom van die OSR
- Dinsdag 19 November: ADV-kommunikasie
- Donderdag 21 November: Bestuursvergadering van die OSR
  Bestuur van OTMT
- Vrydag 22 November: Jaareindfunksie van die Sinodale Kerkkantoor

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir 'n **student**. Dit bestaan uit 'n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur 'n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Ons Tuis (Riviera, Pretoria)**, tehuis vir versorging van verswakte bejaardes, het tans plek beskikbaar. Ons bied u 'n volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
  - 24-uur mediese versorging,
  - 3 maaltye per dag,
  - sekuriteit, en
  - gereelde sosiale aktiwiteite.

  Vir meer besonderhede, skakel matrone E Mans by 012 329 3623. Aansoekvorms kan afgetrek word op **www.otmt.org**, of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms aan u te stuur.

- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamer-inwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 x etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys**
  24-uur versorging met drie maaltye word voorsien
  Tans is daar beskikbare kamers:
  o 2 enkelkamers suidekant @ R5 800
  o 2 beddens in die 4-bed-kamer @ R5 800
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans beskikbaar:
  4 x kamers met eie geriewe, ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes wat self hul kamer en wasgoed kan doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder, mev Mariana van Tonder, by 015 491 6314

Konserte en feeste

- **Sondag 17 November om 18:30: Gemeente Vaalpark**
  Kersprogram met Jan de Wet
  hv Opperman- en Prinsbergstraat, Vaalpark
  Almal welkom – bring familie en vriende saam
  Navrae by **nhkvaalpark@telkomsa.net**

Kampe en toere

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp 2014**
  Plek: *Serube Sa Phakwe*
  (avontuur-, sport- en lewensvaardigheidsentrum in die Vredefort-koepel)
  Datum: Dinsdag 7 tot Vrydag 10 Januarie 2014
  Tyd: Vertrek Dinsdag 7 Januarie om 13:00
  Terug Vrydag 10 Januarie om 13:00
  Vertrekpunt: Vanaf die kerkgebou in Silwerstraat 19
  Ons ry almal saam per bus – jy gaan hier reeds begin vriende maak!
  Skakel dr Rudy Denton by 018 294 3509 / 082 459 9710
  of Terzie Denton by 082 475 4618
  of Salome Lubbe by 072 993 8183 indien jy enige vrae het
  Besoek ons webblad vir registrasie:
  http://www.studentegemeente.com
  http://www.facebook.com/PotchStudente

- **TUKS Eerstejaarskamp 2014**
  Aangebied deur Gemeente Philadelphia
  Tema: *Die lewe is 'n Rubiks-cube*
  Datum: Vrydag 10 tot Dinsdag 14 Januarie 2014
  Prys: R950 voor 15 Desember 2013 en R1 000 na 15 Desember 2013
  Die kamp vind by Kwaggasrus plaas
  Bymekaarkomplek: NHKA Philadelphia
  Afslag van R50 op kampprys vir matrieks per mede-matriekvriend
  wat jy saambring
  Skakel Annieka by 072 758 / Hanri by 073 171 5386
  Vind ons op Facebook: Tukkies EJK 2014

- **Gemeente Stellenbosch: Eerstejaarskamp 2014**
  Is jy 'n toekomstige Matie?
  Kom kamp dan saam met ons
  Saterdag 18 Januarie 2014 om 12:00 tot **Dinsdag 21 Januarie** om 15:00

Indien jy eers 22 Januarie in die koshuis of elders moet aanmeld, kan ons vir jou stoorplek gee vir jou bagasie, en selfs slaapplek as dit vir 'n nag of wat nodig is. Kom maak sommer van vroeg af goeie vriende, leer die omgewing en kampus ken en word so ook deel van die kerklike omgewing, waar ons 'n baie aktiewe HSV het. Ons beplan om groot pret te hê op die kamp. Daar gaan besprekings wees oor jou geloof en jou studentejare, maar ook genoeg pret en plesier – swem, speletjies, stap, uitstappies...

Baie belangrik: Indien jy ander briewe ontvang het wat jou nooi na Eerstejaarskampe, dit is ***almal kerkkampe***, al sê hulle dit nie duidelik in die briewe nie. Kom kamp dus asseblief saam met jou Kerk!

Vir meer inligting, kontak ds Chris le Roux by 079 498 3239
/ **cleroux@nhk.co.za**
of Johanet van der Merwe, HSV-voorsitter, by 073 941 7810.

- **Leef jou droom en besoek Israel saam met my**
  26 Maart tot 5 April 2014
  Toerleier: Dr André Ungerer
  Besigtig ook die wonder van Petra in Jordanië
  Geniet die piramides en sfinks as bonus op pad huis toe
  Skakel 018 468 5129 of 082 940 8201
  E-pos: **andreung@telkomsa.net**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 1 tot 17 Mei 2014**
  15 lewensveranderende dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  012 420 3804 (w) / 082 413 2332 / **ernest.vaneck@up.ac.za**
  Allesinsluitende aangepaste toerprys: R26 968
  Gebaseer op wisselkoers USD1.00 = ZAR10.00
  Internasionale retoerlugvervoer met Turkish Airlines in ekonomiese klas; lughawebelastings; 15 dae verblyf in eersteklas (4 ster) hotelle; drie etes daagliks; grondvervoer in luukse bus met lugversorging; alle toegangsfooie; dienste van professionele Engelssprekende gids en groepreisversekering.
  Inhoudryke reisplan sluit onder andere die volgende hoogtepunte in:
  - Tarsus (Paulus se geboorteplek)
  - Skoorsteenlandskap en ondergrondse stede van Kappadosië
  - Die sewe gemeentes van Klein-Asië
  - Die natuurwonder van Pamukkale
  - Die Griekse eiland Patmos (Grot van Johannes se Openbaring)
  - Skone Assos aan die Egeïse kus
  - Drie nagte in Istanbul

  Moenie hierdie unieke geleentheid misloop nie.
  Daar is net enkele plekke oor!
  Vir meer inligting kontak:
  Formele reisagent: Louise Geyser
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**

- **Vrouekamp 2014: Vrydag 16 tot Sondag 18 Mei 2014**
  Alle dames van gemeentes, dagboek asseblief die datum!
  Tema: *Wat is nuus?*
  Sprekers: Di Janine Bevolo-Manders en Antionette Janse van Rensburg
  Koste: R550 per persoon
  Kampgronde ongeveer 40 km buite Pretoria
  Kontak Jana Peenze by 083 734 5426 / **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 / **stef1@absamail.co.za**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Pryswenners**
  Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery
  1ste prys: 10 verse en 'n bul: Tommie Wiersma
  2de prys: 10 ooie en 'n ram: Johan Erasmus (jr)
  Skildery: Gemeente Erasmia
  Volledige lys van wenners beskikbaar
  Kontak ds Petrus Harmzen by 082 777 4253 / **pharmzen@gmail.com**

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Karp-hengelkompetisie**
  Saterdag 16 November
  Plek: Vlooikopdam
  Eerste prys: Slagos
  Koste: R150 per hengelaar met 2 stokke
  (vir hengelaar wat hengel vir die slagos as 1ste prys)
  R100 per kind wat hengel vir die kinderprys
  Kontak Frans le Roux 082 892 1325 / Achom Prinsloo 072 345 2025

- **Gemeente Otjiwarongo: Resepteboek *Manna en kwarteltjies***
  Beproefde resepte vanuit die gemeente
  R120 per eksemplaar plus posgeld vanaf Namibië
  Ideale Kersgeskenk
  Kontak ds Elritia le Roux by **propeleroux@gmail.com**

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2014, trekking 1 Junie 2014
  Kaartjies: R100 donasie
  1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke
  plus 5 dae en 4 nagte verblyf
  2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok
  plus 4 dae en 3 nagte verblyf
  3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok
  plus 3 dae en 2 nagte verblyf
  Geborg deur Chaan Bezuidenhout
  Plaas se professionele jagter kan gebruik word
  Kontak Alida Reed by 082 228 3552
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895

Basaars en markte

- **Gemeente Wonderboom-Suid: Goud & Silwer: Outydse kermis**
  Vrydag 15 November van 16:00 tot laat by 10de Laan 920
  Kom geniet die middag en aand saam met ons
  Smul aan pap-en-kaiings, potjiekos, kerrie-en-rys, tuisgebak en vele meer
  Groente teen weggeepryse
  Kontak Helen by 074 148 4422 / Valie by 083 714 4981

- **Vrydag 22 en Saterdag 23 November: Gemeente Noordelike Pretoria**
  Bielie-van-'n-Makietie-Fees
  Moot: 12de Laan 512, Gezina
  Met Liza Brönner (nuwe *Liefling*) en Wikus Botma
  Vrydagaand om 19:00: Ete by kerslig in die saal
  Koeldrank te koop of bring 'n wyntjie en glas saam
  Etekaartjies tot 15 November te koop
  by Pikkie 083 404 5552 / Sarel 083 554 3397 / Mirna 082 307 7314
  Volwassenes = R50, persone oor 65 en kinders onder 12 = R25
  Saterdag vanaf 08:00: Iets vir almal
  Allerhande kosstalletjies, teetuin met gebak, koeldrank, pannekoek...

Witolifanttafel, musiek, speletjies vir die kinders, lootjies en pryse te wen
Uitstallers teen R50 'n stalletjie
11:00 Liza en Wikus – bring stoel of kombers
Navrae aan Ria Smit by **236mms@gmail.com**

- **Vrydag 29 en Saterdag 30 November: Gemeente Sionspoort Kersmark**
  Handgemaakte items van hoë kwaliteit te koop
  Talle kosstalletjies en vermaak
  Die diakonie trakteer die gemeenskap se minderbevoorregte kinders
  Skakel 082 464 1547 vir meer inligting

- **Saterdag 30 November: Gemeente Ventersdorp: Minibasaar**
  Handgemaakte Kersgeskenke en vele meer
  Kom geniet die dag saam met ons
  Daar sal baie te ete en te drinke wees
  Kom proe ons sosaties en alombekende boerewors teen lae pryse
  Kontak ds Marius Jansen van Vuren by 072 850 4960
  of Nico Kock by 083 204 6715

- **Saterdag 30 November: Gemeente Strand: Basaar**
  Plek: Saal van NG Moedergemeente
  Adres: hv Birkenhead- en Faganstraat
  Van vroeg tot laat met alles en nog wat
  Kom besoek ons en ondersteun ons as u in die omgewing is
  Navrae aan Douw Steyn by 071 382 1900

- **Saterdag 30 November: Gemeente Bellville: TOEKAFEES 2013**
  By Laerskool Brackenfell vanaf 09:00 tot laat
  Kom eet en drink iets lekker
  Kom kyk na veteraanmotors en ou trekkers
  Kom kyk na ou versamelings en demonstrasies
  Kom luister na lekker musiek
  Kom – bring jou gesin en vriende
  en geniet 'n lekker outydse uitstappie in karnavalatmosfeer
  Toegang: R10 per volwassene en kinders op skool R5
  Kontak Nico by 082 823 5441 / Gert by 083 761 4320

ANDER NUUS

- **VAKATURES VIR MAATSKAPLIKE WERKERS**
  Ondersteuningsraad
  Kempton Park en Elsburg 1 voltydse pos elk
  Minimumvereistes: Maatskaplikewerkgraad en geregistreer by SACSSP
  Geldige rybewys
  Stuur CV stuur na 012 322 5787 (faks) / **oraad@nhk.co.za**

- **VAKATURE VIR SEKRETARIËLE BEAMPTE**
  Ondersteuningsraad, Gemeente Newlands (Johannesburg)
  15 ure per week, pos onmiddellik beskikbaar
  Vereistes: Ervaring in algemene administrasie en finansiële bestuur
  Goeie menseverhoudings en 'n passie vir barmhartigheidswerk
  Geldige bestuurslisensie
  Salaris volgens jare ervaring
  Stuur CV stuur aan mev Ansie Cromhout by 012-322-5787 (faks) /
  oraad@nhk.co.za voor of op **15 November**

- **VAKATURE VIR SEKRETARESSE**
  Ondersteuningsraad Kempton Park
  10 ure per week
  Salaris volgens jare ervaring
  Vereistes: Rekenaarvaardig en kennis van boekhouding
  Goeie administratiewe vaardighede en goeie menseverhoudinge
  Geldige rybewys
  Stuur CV aan Karen du Buisson (071 684 7855) by **oosrandpb@gmail.com**

- **BEELD-KINDERFONDS: Kerskonsert**
  Woensdag 27 November in Pretoria
  R110 en R155
  Navrae aan Adrie van Staden by 011 976 2273 / 073 749 2697
  Besoek **www.beeldkinderfonds.co.za**

- **VOORTREKKERMONUMENT KONTREIMARK**
  Saterdag 7 Desember 08:00 tot 14:00
  Teetuin en Afrikaanse kunstenaars
  Hand-/tuisgemaakte artikels en vars produkte
  Toegang R20 per voertuig
  Navrae aan Thea Furstenburg by 012 326 6770 / **thea@vtm.org.za**

- **Interkerklike Geloftediens: 16 Desember om 08:00**
  Samesang vanaf 07:50
  Kerkgebou van NG gemeente Hartbeesspruit-Queenswood
  hv Webbweg en Garretlaan (ingang uit Garretlaan), Queenswood
  Prediker: Ds HL Stavast van Gereformeerde Kerk Totiusdal
  Deurkollekte ten bate van Bybelverspreiding
  Navrae aan oudl Peet Visser van Gemeente Oos-Moot
  012 332 1202 / 082 432 0220

- **Die laaste *e-Hervormer* van 2013 word op Donderdag 28 November uitgestuur.**

AGTERBLAD



Almanak / Bybelse Dagboek 2014

Die nuwe *Almanak/Bybelse Dagboek* is tans by SENTIK se boekwinkel beskikbaar.

Die omslag vind subtiel aansluiting by die *Konteks*-metafoor van *Vensters op Kerkwees*, deur middel van die groepering van die twee temas in vensterformaat. Die *Almanak* se aard word gedra deur 'n venster met ruite waarin 'n verskeidenheid kerkgeboue voorkom. Dit kommunikeer die verskeidenheid van gemeentes se inligting in die *Almanak*-deel, maar ook die verskeidenheid in Kerkwees. Die style bied 'n oorsig oor die Nederduitsch Hervormde Kerk, en die groepering van oud en nuut bring die binding tussen verlede en hede. Die twee hoekstene dra simbolies die betekenis van Christus as die enigste Hoeksteen waarop die Kerk rus.

Die voorblad van die *Bybelse Dagboek* bestaan op soortgelyke wyse uit kansels, kansel-inkledings, liturgiese ruimtes en doopvonte uit verskillende gemeentes. Dit dra dieselfde metaforiese waarde as by die *Almanak*, maar met die fokus op die binneruimtes van die Kerk en meer spesifiek die ruimte waar die Woord verkondig word. Die kansel as simbool van Woordbediening staan sentraal, en daarnaas die vaste plek van die doopvont in die liturgiese ruimte as simbool van God se verbond met ons.

Gemeentes moet asseblief reël dat hul besendings by die Kerkkantoor afgehaal word. Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 / faks 086 633 4054 / **sentik@nhk.co.za**.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx